



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2010

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A moet met potlood, in die spasies wat voorsien word, op die vraestel beantwoord word.
3. AFDELING B moet in die ANTWOORDEBOEK verskaf, beantwoord word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

VRAAG 1Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Igbà Kerin – Avon Abàmi Eye* deur Akin Euba en beantwoord die vrae wat volg.**Igbà Kerin - Avon Abàmi Eye**
(Supernatural Birds)

From Four Pictures from Oyo calabashes for piano

Akin Euba (Nigeria)
(born 1935)


Rhythmical ♩ = 132

5 *8va* (c) (d) (e) *f* *p*

9 (f) (g) *mf*


13 (h) (i) (j) *cresc.* *rall.*

- 1.1 Transkribeer die eerste TWEE mate van die regterhand-party (G-sleutel) in die tenoorsleutel.




(5)

- 1.2 Skryf die enharmoniese ekwivalent van die note wat by (a) in maat 4 gemerk is, neer.




(1)

- 1.3 Herskryf die VYF note van die linkerhand-party (F-sleutel) by (b) in maat 5 soos wat dit sou klink as dit op 'n kontrabas gespeel sou word.



(2)

- 1.4 Skryf die akkoord by (c) in maat 5 een oktaaf laer.



(1)

- 1.5 Noem die intervalle by (d) in maat 6 en (j) in maat 14.

(d) _____

(j) _____

(2)


- 1.6 Benoem die drieklank en die omkering daarvan by (e) in maat 6, byvoorbeeld: majeur drieklank in eerste omkering.

(2)

- 1.7 Die tydmaat van die stuk verander in maat 12 en weer in maat 13. Voeg die nuwe tydmaattekens by (g) en (h) op die partituur in.


(2)

- 1.8 Herskryf maat 9 by (f) in enkelvoudige tweeslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.



(3)

- 1.9 Transponeer die note in die blok by (i) in maat 13 'n mineur derde laer.

(2)
[20]

VRAAG 2

Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg die instruksies.

- 2.1 Skryf die solfanotasie vir die note by (a) en (b).

(a) _____

(b) _____

(2)

- 2.2 Verander die sopraanparty deur nie-harmoniese note by (c), (d) en (e) op die partituur in te voeg.

(3)

- 2.3 Benoem die nie-harmoniese note wat jy by (c) en (d) gebruik het.

(c) _____

(d) _____


(2)

- 2.4 Besyfer die DRIE akkoorde in die laaste maat, byvoorbeeld IV, I⁶, G/D, ensovoorts op die partituur.

(3)
[10]

VRAAG 3

- 3.1 Skryf die dalende toonleer van B^b melodiese mineur met toonsoortteken in 'n interessante ritme sodat dit 'n melodie in enkelvoudige drieslagmaat vorm.




(5)

- 3.2 In watter modus is die musiekvoorbeeld hieronder?



(1)

- 3.3 Die drieklank hieronder bestaan uit note van die heeltoon-toonleer wat op C begin. Skryf TWEE opeenvolgende drieklanke in grondposisie op die gegewe note hieronder en gebruik slegs note wat in die heeltoon-toonleer wat op C begin, voorkom.





(4)
[10]

VRAAG 4

Gebruik enige EEN van die openingsmotiewe hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: Fluit





Allegro



[8]

OF

Instrument: Tjello

Con moto**[8]**

Jou melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)
Musikaliteit	6
Dinamiek en artikulasie	2
Korrektheid van notasie	2
Totaal	16 ÷ 2 = 8

VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

- 5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg.

The musical score is for a four-part harmony exercise in 3/4 time, key of D major. It consists of two systems. The first system has four measures. The second system starts with a measure number '5' and also has four measures. The melody is in the treble clef, and the accompaniment is in the bass clef. The first system ends with a V_2^4 chord symbol. The second system ends with a double bar line.

[12]

Jou harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

Korrektheid (12 akkoorde)	=	4 punte (- ½ punt per fout)
Keuse van akkoorde (12 akkoorde)	=	6 punte (- ½ punt per fout)
Algemene indruk	=	2 punte

OF

- 5.2 Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Fawlty Towers* deur Dennis Wilson en volg die instruksies.

Fawlty Towers

Dennis Wilson

(a)
D⁷



(b)
5 Gmaj7/D



9



13 (c)
Bdim/D



(d)
17 E⁷/D



(e)
D⁷/A



- 5.2.1 Voltooi die partituur met die aangeduide akkoorde by (a) tot (e). (5)
- 5.2.2 Voltooi die partituur deur SEWE geskikte akkoorde van jou keuse by te voeg. (7)
[12]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

VRAAG 6: JAZZ

Beantwoord ÓF VRAAG 6.1 ÓF VRAAG 6.2.

6.1 Beantwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse jazz:

- 6.1.1 Noem TWEE internasionale style wat Suid-Afrikaanse jazz beïnvloed het. (2)
 - 6.1.2 Noem en verduidelik DRIE plaaslike style wat 'n invloed op Suid-Afrikaanse jazz gehad het. (6)
 - 6.1.3 Noem TWEE Suid-Afrikaanse jazz-musikante wat die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse jazz beïnvloed het. (2)
- [10]**

OF

6.2 Bespreek die historiese ontwikkeling van blues as 'n jazz-styl. Sluit 'n voorbeeld van 'n blues-werk en 'n blues-kunstenaar in om jou bespreking te versterk. **[10]**

VRAAG 7: ROMANTIESE MUSIEK

7.1 **Brahms: *Simfonie Nr. 4 in E mineur Op. 98 (vierde beweging)***

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (7.1.1 – 7.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 7.1.1 Die tema- en variasievorm toon ooreenkomste met die *passacaglia* (variasies op 'n grondbas) van die Romantiese tydperk.
- 7.1.2 Hierdie beweging is in rondovorm.
- 7.1.3 Die tempo en karakter van hierdie beweging kan as vinnig, energiek en met passie beskryf word.
- 7.1.4 Hierdie beweging bestaan uit 'n tema, dertig variasies en 'n uitgebreide koda.
- 7.1.5 Die A-seksie is liries en stadig.
- 7.1.6 Die koda begin met die herverskyning van die hooftema gespeel deur die houtblaas- en koperblaasinstrumente.
- 7.1.7 Hierdie beweging is in vierslagmaat. (7)

7.2 Beantwoord die vrae oor EEN van die Romantiese genres (VRAAG 7.2.1 – 7.2.5) wat jy bestudeer het. Nommer jou antwoord volgens die vraag (genre) wat jy gekies het.

7.2.1 **Die kunslied: Schubert – *Erlkönig***

- (a) Noem die kenmerke van die kunslied. (3)
- (b) Verduidelik hoe die musiek tot die storielyn van *Erlkönig* bydra. (3)

OF

7.2.2 **Karakterstukke: Chopin – *Polonaise in A-mol majeur***

- (a) Noem die kenmerke van 'n tipiese karakterstuk. (3)
- (b) Beskryf die term *polonaise*. (2)
- (c) Wat is die vorm van die *Polonaise in A-mol majeur*? (1)

OF

7.2.3 **Opera: Puccini – *La Bohème***

- (a) Noem die kenmerke van 'n opera. (3)
- (b) Noem TWEE karakters in die bogenoemde opera. (2)
- (c) Noem EEN welbekende aria uit hierdie opera. (1)

OF

7.2.4 **Simfoniese toondig: Smetana – *Die Moldau***

- (a) Beskryf die term *simfoniese toondig*. (3)
- (b) Verduidelik hoe die musiek die tonele in die program van *Die Moldau* uitbeeld. (3)

OF

7.2.5 **Concerto: Mendelssohn – *Vioolkonsert in E mineur* (eerste beweging)**

- (a) Noem die kenmerke van 'n Romantiese concerto. (3)
- (b) Noem en beskryf kortliks die vorm van die eerste beweging van Mendelssohn se *Vioolkonsert in E mineur*. (3)

[13]

VRAAG 8: TWINTIGSTE-EEUSE MUSIEK

8.1 Beskryf kortliks EEN van die volgende style:

8.1.1 Impressionisme (4)

8.1.2 Musiekteater (4)

8.1.3 Neoklassisisme (4)

8.2 Skryf 'n paragraaf oor EEN van die volgende:

8.2.1 Debussy – *Voiles*, from *Preludes Book 1* (4)

8.2.2 *My fair Lady* OF
West Side Story OF
Phantom of the Opera (4)

8.2.3 Stravinsky – *The rite of spring* (4)

[8]

VRAAG 9: INTERNASIONALE POPULÊRE MUSIEK

Skryf 'n koerantartikel oor 'n popkonsert oor EEN van die volgende en verwys na die belangrike kenmerke van die tipe uitvoering wat aangebied sal word:

- Heavy metal
- R & B pop
- Glam Rock
- Britpop
- Girl/Boy bands
- Mandoza
- Lucky Dube
- Steve Hofmeyr

[8]

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

Jy word uitgenooi om 'n referaat oor Afrika tradisionele musiek by die Wêreldspitsberaad oor Jeugmusiek in China te lewer. Gee 'n kort beskrywing van jou referaat oor EEN van die volgende onderwerpe:

10.1 Kwaito **[10]**

10.2 Musiek vir sosiale en kulturele geleenthede **[10]**

10.3 Moppies en ghommalieliedjies **[10]**

VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE KOORMUSIEK

Bespreek EEN van die volgende koorwerke in terme van harmonie, vorm en karakter:

- | | | |
|------|------------------------------------|------------|
| 11.1 | <i>Monna e motenyna</i> – B Gcisa | [6] |
| 11.2 | <i>Plea from Africa</i> – JK Bokwe | [6] |
| 11.3 | <i>Gabi, Gabi</i> | [6] |

VRAAG 12: MUSIEKBEDRYF

Noem die funksies van SARRAL. **[5]**

TOTAAL AFDELING B:	60
GROOTTOTAAL:	120

